

Sondag 15 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 1	Fokusgedeelte: Openbaring 1:17
------------------------------------	---------------------------------------

Die Here Jesus is die Eerste en die Laaste en die Lewende (3)

Volgens oorlewering was die apostel Johannes die leraar van die gemeente Efese. Daar het hy gearbei tot in sy ouderdom. In die tye van swaar vervolgings het hy die gelowiges vertroos en bemoedig. Maar tydens die regering van Domitianus is Johannes ter wille van die Woord van God na Patmos verban.

In verdrukking het hy sy dae in eensaamheid geslyt. Hy was weg van sy geliefde gemeente wie se geloof hy moes versterk, en wat hom weer op hulle beurt moes versorg en ondersteun. Wanneer alles hom ontnem is, dan verskyn die Here aan hom. Meteens is dit asof alles om hom verander. In sy gees is hy op die Dag van die Here. Hy sien, maar nie met sy liggaamlike oë nie; hy hoor, maar nie met sy vleeslike ore nie. Hy is in direkte verbinding met sy Meester, en hoor 'n groot stem agter hom soos van 'n basuin. Hy draai hom om om te sien watter stem met hom gepraat het – en watter blye herkentenis. Hy staan voor Jesus Christus aan Wie se bors hy geleun het, aan Wie se voete hy gesit het!

Maar: Sy verskyning is nie meer in die gestalte van 'n dienskneg nie; dis nie meer in 'n staat van vernedering nie. Hy is nie meer die Man van smarte op wie die krankhede van die wêreld rus nie. Hy verskyn aan Johannes in Koningsheerlikheid, een soos die Seun van die mens.

Omdat ons almal mense is soos Johannes en deur dieselfde twyfel en vrae gaan, laat die Here Johannes al die dinge neerskryf dat ons kan weet: Ons God en Verlosser leef en regeer in majesteit tot in ewigheid. My lewe is veilig by Hom.

Sing: Psalm 46-1:6

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)